September 2026 09/26 GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein



**Volharding**

Ek hou my oog op Jesus!

Goud gedelf tydens kursus in Mosambiek

Selfdissipline lei tot volharding en deursettingsvermoë

# Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN
**SEPTEMBER 2026**


**Redaksioneel**

01 Uit die redakteur se pen

**Geestelike groei**

02 Woordoordenking: Ek hou my oog op Jesus!

03 Vasbyt!

05 Selfdissipline lei tot volharding en deursettingsvermoë

07 Volhard in die gebed

08 Bid ons net of laat ons Hom ook toe om ons gedrag te bepaal?

09 Gebedsversoeke

**Gemeentenuus**

10 Uitreik in Mosambiek 'n belegging in geloof

11 Goud gedelf tydens kursus in Mosambiek

12 Klein Mia Fourie word gedoop / Nagmaal by Soetdoring

13 Gemeentewegbreek 2026

14 Kerkfinansies

15 Ons sê welkom

**Rubrieke**

16 Kollig: Crossroads Ministries

17 Diakonie: QR Kode

18 Dit borrel in my!

19 Blokraai

21 Ons deel met mekaar

22 Diere en voëls van die Bybel

23 Briewekolom

24 Tienerfokus

**Kinderhoekie**

25 Vervolgverhaal

26 Kleuterpret

27 Jongmensjolyt

**Advertensies**

28 Snuffelfontein

29 Blokadvertensies


**Teks vir die maand:**
"Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop."
Romeine 5:3-4

**Aanhaling vir die maand:**
"Courage doesn't always roar. Sometimes courage is the quiet voice at the end of the day saying, 'I will try again tomorrow.'"

Mary Anne Radmacher

# Uit die redakteur se pen

Magda du Toit



## Volharding

Toe my kinders in die laerskool was, het hulle dikwels tydens speletjies besluit om gou op te gee. Een van hul maats het altyd deurmekaar geraak met die uitdrukking en in plaas van “ek gee op” uitgeroep “ek gooi op!”. Is dit nie hoe ons soms voel as die lewe ons platslaan nie? Soms, te midde van diepe hartseer, of ’n gesonheidsterugslag, of wanneer dit letterlik vir ons voel of ons in ’n diep gat beland het, voel ons ook of ons nie net wil opgee nie, maar wil opgooi. Ons is al só moeg dat ons naar begin voel. Ons kragte is uitgeput. Ons voel soos iemand wat tydens ’n ultra-maraton weens die krampe plat wil neerslaan.

In hierdie maand se uitgawe van Die Fontein fokus ons op volharding. In ons toerustingsartikels fokus ons op daardie essensiële bestanddele in die energiedrankie wat ons weer ’n hupstoot gaan gee om aan te hou en die wedloop te voltooi.

Gebed bly altyd een van die belangrike aspekte van ons geloofslewe en hierdie maand fokus van ons artikels spesifiek op hierdie aspek van ons lewens.

In die afdelings wat spesiaal vir ons jonger lesers is, wil ons hulle ook graag toerus om te volhard in die uitdagings wat op hulle pad kom. Maak dus seker dat Die Fontein ook by ons jongmense uitkom.

Ons gaan verder voort met ons reeks artikels oor diensgroepe en vertel ook van dit wat binne in ons gemeentekringe gebeur.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien. Moenie vergeet om jou blokkiesraaisel in te dien nie, want ons hou boek van al die inskrywings en volgende jaar hierdie tyd wag daar ’n beloning op die persone wat getrou elke maand hul blokkiesraaisels terugstuur.

As jy voel jy wil graag ’n bydrae lewer vir Die Fontein, praat gerus met ons. Bydraes is altyd welkom. Briewe, artikels, geloofservarings of ander nuus kan per e-pos ingestuur word na **fontein@annlin.co.za**.

Lekker lees!
Magda



# Woordoordenking: Ek hou my oog op Jesus!

Ds. Pieter Kurpershoek


**Lees:**
**Hebreërs 11:32 – 12:3**
**(fokus 12:1-3)**
**Sing:**
**Lied 514:1-2**

Om elke dag as kind van die Here te bly leef, is nie altyd ewe maklik nie. Daarom vergelyk die Hebreër-dominee ons lewe as gelowiges met 'n atletiekwedloop en spoor hy ons aan:
... laat ons ... die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop.

Hy verwys na **ons**, want ons almal kry soms swaar in die geloofswedloop. Maar hy praat ook van **volharding** omdat hy ons wil aanspoor om op die Here te bly wag, om alles van die Here te bly verwag én om te bly vashou aan die feit dat die Here ons nie sal loslaat nie, al beleef of voel ons wat!

In ons aanhou is dit nodig om enersyds **ons broers en susters** wat voor ons al worstelend as gelowiges geleef het op die **pawiljoene raak te sien**. Josef, Gideon en Daniël was nie volmaak nie, maar tog het hulle op die Here bly staatmaak. Andersyds is dit nodig om **ontslae te raak van alles wat ons laat sukkel** om te hardloop: al ons bekommernisse en vrese oor môre, al ons eie gedagtes, ons eie oplossings vir sake, elke sonde waarmee ons saamleef.

Uiteindelik is dit egter veral nodig om **op Jesus te bly fokus**, om te sorg dat ons oë vasgenael is op Hom wat vir ons gesterf het en die dood oorwin het, wat Koning is oor ons wêreld en aan Wie jy en ek met liggaam en siel behoort.



Jesus het immers sélf die geloofswedloop van begin tot einde gehardloop, op sy Vader vertrou en uit die krag van die Gees geleef. Ook het Hý beleef hoe Satan Hom versoek, Judas Hom verraai en Petrus Hom verloën het, Sý volk Hom verwerp en Pilatus Hom laat kruisig het. Tog het Jesus getrou bly doen wat Hy moes totdat Hy uitgeroep het: Dit is volbring! Hiermee het Jesus gewys dat die wedloop tot die einde gehardloop KAN word!

Jesus sorg egter ook vir jou en my terwyl ons hardloop: Sy Gees vuur ons steeds aan om te bly glo en as Hoëpriester bid Hy vir jou en my, terwyl Hy as Oorwinnaar oor die dood en oor Satan sorg dat Satan en sonde ons nie kan oorweldig nie. Boonop is Jesus die beste Afrigter wat ons kan kry, want Hy verstaan waarmee jy en ek sukkel én HY kan raad gee, moed inpraat en eerlik vir ons sê: Dis die moeite werd om aan te hou hardloop al word dit hoe moeilik!

Wanneer ons mooi besef wie Jesus is en deeglik na Jesus kyk, sal ons nie geestelik moeg raak en uitsak nie. Ons sal nie die energie, motivering en krag verloor om die geloofswedloop te hardloop en daarom handdoek ingooi en van Jesus wegstap nie. Néé, terwyl ons op Jesus fokus, sal ons genoeg motivering kry om Hom te bly volg, genoeg krag om in Hom te bly glo en die wil en vermoë om uit Hom en deur Hom en tot Hom te bly leef!

Mag jy en ek **JESUS elke dag raaksien** en daarom volhard, die geloofswedloop BLY hardloop EN voltooi!

# Vasbyt!

Magda du Toit

Die lente laat ons harte jubel. Tog maak die besef dat dit reeds September is ook 'n tiksel benoudheid in ons wakker, want dit beteken dat die jaar op 'n drafstap einde se kant toe staan. Dink ons aan alles wat nog gedoen moet word, besef ons dat ons diep sal moet delf vir daardie laaste bietjie volharding.

Hierdie tyd van die jaar staar ons dikwels ontmoediging in die gesig. Skielik is dit minder opwindend om vroeg op te staan. Die voornemens wat ons trots in die begin van die jaar gelys het, is lankal vergete of knaag aan ons skuldgevoelens.

Ons is nou eerder lus om handdoek in te gooi. Ons wil opskop, want ons is moeg. Ons wil tou opgooi, want dinge raak te veel. Ons bene voel slap en rubberig en ons weet nie of ons hierdie laaste bult wat soos 'n berg voor ons lê, sal kan bemeester nie.

As daar een woord in die Afrikaanse taal is wat uitdrukking kan gee aan wat nou van ons verwag word, is dit die woord **VASBYT**.



Vasbyt, of volhard, beteken dat daar 'n kombinasie van deursettingsvermoë, uithouvermoë en veerkragtigheid ter sprake is. Vasbyt is ons vermoë om nie moed te verloor nie en deur te druk om 'n taak of onderneming te voltooi. Vasbyt beteken dat ons moet aanhou ten spyte van uitdagings.

Die woord "volharding" wat in Grieks gebruik word, is **hypomonēs**, wat nie net beteken om uit te hou nie, maar om vasberade onder druk te volhard. Dit is om vas te byt.

Hoe kry ons dit reg terwyl ons reeds voel of ons kragte min is? Hoe byt ons vas as dit voel of al ons tande getrek is?

Kom ons skuif bietjie die wêreld se vereistes en verwagtinge opsy en fokus eerder op ons Bron van krag wat ons kan help om te volhard.

**Vasbyt is ons vermoë om nie moed te verloor nie en deur te druk om 'n taak of onderneming te voltooi. Vasbyt beteken dat ons moet aanhou ten spyte van uitdagings.**

# Vasbyt! (vervolg)

Paulus leer ons van vasbyt. Van volharding. Van deursettingsvermoë. Van aanhou.

In sy brief aan die Romeine lees ons in hoofstuk 5:3-5:
**"Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gee".**

Lees jy? God het sy liefde in ons harte uitgestort en Hy het die Heilige Gees aan ons gegee om ons te help wanneer ons Hom nodig het. Ja, God is 'n God wat naby is. Hy is by ons, om ons en in ons. Wanneer ons swak is, versterk Hy ons. Wanneer ons bang is, hou Hy ons vas. Hy belowe dat Hy ons nooit sal verlaat of in die steek sal laat nie. Wanneer ons swak is, sal Hy ons dra. Wanneer ons struikel en val, sal Hy ons optel.

Om vas te byt of te volhard, is nie iets passief nie. Dit verg aktiewe, doelgerigte aksie. Volharding verg dissipline.

Ons taak is nie om perfek te wees nie. Daar word nie van ons verwag om eerste by die eindstreep aan te kom nie. Al wat ons moet doen, is om op ons paadjie te loop met ons hand in dié van die Here.

Ons lees in Jesaja 40:31:
**"Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."**

Swaarkry kweek volharding. Volharding kweek geloof. Geloof kweek hoop. En hoop kweek weer die vermoë om vas te byt sodat ons staande kan bly wanneer ons versoek word of swaarkry.




Byt vas. Beur vorentoe. Volhard. Wanneer dit voel of jou bene jou nie meer kan dra nie, lees gerus 2 Korintiërs 4, veral verse 8 en 9:
**"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie. Ek word vervolg, maar ek weet God los my nooit alleen nie. Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."**

# Selfdissipline lei tot volharding en deursettingsvermoë


Corrie van Wyk

Daar is 'n mooi verhaal van 'n slak wat op 'n koue wintersdag teen 'n appelboom begin uitklim. Terwyl hy teen die stam opseil, steek 'n wurm sy kop by 'n gaatjie in die bas uit. "Jy mors jou tyd, daar is nie 'n enkele appel daar bo nie," sê hy. "Teen die tyd dat ek daar kom, sal daar wees," antwoord die slak.

Die Bybel vergelyk die geloofslewe dikwels met 'n wedloop wat dissipline vereis om te voltooi.

- **1 Korintiërs 9:24-27**: Atlete ontsê hulleself allerhande dinge vir 'n tydelike prys, maar Christene doen dit vir 'n ewige kroon. Paulus sê hy oefen sy liggaam en maak dit diensbaar sodat hy nie self gediskwalifiseer word nie.
- Volharding begin by die daaglikse besluit om jou eie begeertes te dissiplineer ter wille van 'n groter, ewige doel.
- Paulus praat hier van selfdissipline. Om selfgedissiplineerd te wees, beteken dat ons ons selfsugtige begeertes moet neerlê en om die regte goed met God se genade te doen, maak nie saak wat die prys is nie.
- **2 Petrus 1:5-6**: Petrus moedig gelowiges aan om met alle ywer die geloof aan te vul met kennis en die kennis met selfbeheersing en die selfbeheersing met volharding.

***Spreuke 24:16 sê: "Sewe maal val die regverdige en staan weer op."***



**Fokus op die wenpaal**

" ... die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof" (**Heb. 12:2**).

Fokus op die wenstreep, die ewige lewe, waar Jesus Christus staan. In terme van die wedloop is Hy ons afrigter, wat self ook die wedloop gehardloop én voltooi het. Hy het eerste gehardloop en eerste klaargemaak! Volg in Jesus se spore en hou by die pad wat Hy, deur sy dood aan die kruis, gebaan het. Fokus daagliks so op Christus dat jy meer en meer vir die wêreld dood is en vir Christus lewe. Hy gee jou die wenresep. Deur sy voorbeeld in die oog te hou, kry jy daagliks nuwe moed. Hy sal jou die krag gee om tot die einde te volhard. Hou vas aan die belofte wat Jesus in **Matteus 24:13** gee: "Maar wie tot die einde volhard, sal gered word."

# Selfdissipline lei tot volharding en deursettingsvermoë (vervolg)




Selfdissipline is die fondament van volharding. Selfdissipline en volharding is opeenvolgende skakels in die proses van geestelike groei. Volgens die Bybel loop die pad van selfdissipline (of selfbeheersing) direk oor na volharding, aangesien dit die nodige innerlike krag en karakter bou om nie moed op te gee nie. Die Skrif beskou hierdie twee eienskappe nie as losstaande deugde nie, maar as opeenvolgende stappe in 'n gelowige se geestelike groei.

Die Bybel beveel selfbeheer en -dissipline aan: selfbeheersing is 'n vrug van die Gees (**Gal. 5:23**). Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe (**1 Tim. 4:7**).

Dit is lente – 'n nuwe seisoen. Is dit nie tyd dat ons ons weer aan 'n lewe van selfbeheer/selfdissipline toewy nie? Daar is geen beter tyd as juis nou nie. Ek strek my dan eerder uit om my verbintenis tot 'n lewe van selfbeheersing in hierdie nuwe seisoen, 'n lewe wat gedissiplineer word teenoor my godsaligheid en dit te vernuwe. Dit is tyd vir my om my verbintenis tot 'n lewendiger en meer selfbeheersende lewe vol van dissipline en net blote goedheid uit te leef en dus my gewone waardes te hernu. Daar is geen beter tyd as nou nie.

Dan dissiplineer ons ook ons liggame deur dit diensbaar te maak. Ons doen wat Christus ons beveel het en dien mekaar in liefde. Ons stel ander bo onsself en sien ook om na hulle belange.

As ons hierin volhard, sal ons 'n ewige beloning kry wat niks en niemand ooit van ons af kan wegneem nie!



# Volhard in die gebed

Johnny Beumer



**Deur te volhard in die gebed en in afhanklikheid van God te leef, bring dit ons in 'n verhouding met God wat ons lei tot ons eindbestemming en dit is 'n lewe by God. Daardie genade is vir ons genoeg.**

Ek het dan alreeds tot die Here gebid en gevra dat Hy my vir my die regte lewensmaat sal aanwys. Gevra dat hy vir ons 'n kindjie sal gee, of dat ek sal slaag met my werksaansoek, of dat Hy my sal genees van my kanker.

Só kan daar baie behoeftes wees waarvoor jy en ek al gebid het. En dit het nog nie gebeur nie! Het God dan nie my gebed gehoor nie? Durf ek dit weer van Hom vra?

Gebed gaan natuurlik nie eerstens om ons persoonlike nood nie, maar ook en veral om aan God die eer en lof toe te bring. Ons mag egter ook ons persoonlike nood aan die Here se sorg toevertrou (vergelyk **Matt. 6:11** – die Onse Vader gebed: "Gee ons vandag ons daaglikse brood". Hierdie artikel fokus dan meer spesifiek op die persoonlike behoeftes.

Ons mag met vrymoedigheid weer en weer ons behoefte na God toe bring, want God beveel ons in sy Woord om te volhard in die gebed. Jesus vertel sy dissipels in **Lukas 18: 1-8** die gelykenis van die weduwee en die regter. Die weduwee het hom bly opsoek met die versoek om reg aan haar te laat geskied in haar saak teen haar opponent. Die regter het nie ontsag vir God gehad nie en het hom aan geen mens gesteur nie. Hy wou nie aan die weduwee se versoek voldoen nie, maar omdat die weduwee aanhou vra het, het hy tog later aan haar reg laat geskied. Jesus vertel hierdie gelykenis deur daarop te wys dat as selfs 'n onregverdige regter aan 'n herhaalde versoek gehoor gee, hoeveel te meer sal God dan nie reg laat geskied aan sy uitverkorenes wat bedags en snags na Hom roep nie?

God hoor die gebed van die gelowige, maar ons sien nie altyd dadelik die uitkoms van die versoek nie. Soms is die antwoord dadelik "ja", soms kan dit "wag" wees of selfs "nee". Paulus het drie keer gebid dat God die "doring in die vlees" sal wegneem (**2 Kor. 12: 7-12**) en God het "nee" geantwoord en gesê dat Sy genade vir hom genoeg is. Ons kan dus by ons gebede byvoeg: "Vader, as dit wat ek vra nie U wil is nie, help my asb. om dit te aanvaar en wys dan vir my wat U wil vir my is". Ons kan weet dat God dit in ons beswil laat geskied. Deur te volhard in die gebed en in afhanklikheid van God te leef, bring dit ons in 'n verhouding met God wat ons lei tot ons eindbestemming en dit is 'n lewe by God. Daardie genade is vir ons genoeg.

Benewens die gelykenis in **Lukas 18**, is daar verskeie tekse is die Bybel wat ons aanmoedig om te volhard in gebed, soos bv.

- **Lukas 11:5-10** "vra, en vir julle sal gegee word ...",
- ook **Matteus 7:7-11**,
- **Romeine 12:12** "... volhard in die gebed",
- **Kolossense 4:2a** "Volhard in die gebed",
- **1 Tessalonisense 5:17** "bid sonder ophou".

Petrus moedig ons in **2 Petrus 1:5 en 6** aan om alles in die stryd te werp om ons geloof te verryk met onder andere volharding. Mag hierdie volharding (ook in gebed) dan ook meebring dat ons al hoe meer groei in die geloof en vertroue op Hom.

# Bid ons net of laat ons Hom ook toe om ons gedrag te bepaal?

Giepie van der Merwe

Net nou die dag sê 'n persoon hoe dat sy hard aan die bid is tot die Here vir hulp om meer geduldig te wees, maar dit gebeur net nie. As sy haar weer kry, dan het sy kwaad geword en uitgevaar.

Luister die Here dan nie vir haar nie? Het Hy nie haar gebed om hulp verhoor nie?

**Geliefdes, Hy het verseker en Hy het reeds al die Hulp gegee wat sy/ons in hierdie wêreld nodig kan hê.**

Hy het aan ons die Helper gegee, naamlik die Heilige Gees, om vir ewig by ons te bly en in ons te wees (Joh. 14:17,26).

Die vraag is: In hoeveel oomblikke van ons elke dag se lewe gee ons beheer oor aan Hom, laat ons Hom toe om ons gedrag te bepaal, soos Gal. 5:25 so uitdruklik vir ons sê ons moet doen?

Dan sal die Helper ons vul met Sy lewe en Sy vrug en ons laat regkry wat ons nie in staat is om uit eie krag te doen nie, soos byvoorbeeld om onsself te beheer of geduldig te bly.

Jy hoef niks te doen nie, Hy sal alles doen. Jy moet net beheer oorgee, dan vat Hy beheer en Hy kom dra Sy vrug in jou!



Hy staan elke oomblik van die dag reg om dit te doen. Hy hou ook nie jou swak oomblikke teen jou nie. Die volgende oomblik wat jy weer gereed is om aan Hom oor te gee, kom vat Hy met graagte beheer en verheerlik Hy Jesus in jou lewe deur jou soos Hom te laat lyk.

Ons kan dus nie net bid en terug sit en dink dit gaan nou maar net gebeur nie. Dit verg 'n lewe van oorgawe wat ons geroep is om te leef! Dit vra net dit: OORGEE in die OOMBLIK en jy sal sien hoe die Helper intree en die antwoord op jou gebed word.

Die volgende keer wat jou man, vrou, kind of die persoon wat saam met jou die pad gebruik, 'n slegte oomblik het, moenie wag tot die gevoel daar is voordat jy lief het nie. Bewys liefde nog voordat die gevoel daar is. Dan kom die liefde, daardie liefde wat God in jou hart uitgestort het deur Sy Heilige Gees aan jou te gee (Rom. 5:5). Hy kom en kom vat beheer en die vrug is altyd so mooi!

**Gebed:**
Ons Vader in die hemel, ons wil onder die beheer van U Gees lewe. Dankie dat ons net hoef oor te gee daarvoor. Maar liewe Vader selfs net dit kan ons nie uit eie krag regkry nie, want sonder U kan ons NIKS doen nie. Help ons dan hierin, O Heer!
In Jesus se Naam
Amen.

# Gebedsversoeke - Volhard

Carina Pyper




Bely dan julle sondes teenoor mekaar, en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n regverdige is baie kragtig in sy uitwerking."

Jak. 5:16

**GEBED**

Onse Vader wat in die Hemel is. U is lofwaardig, almagtig en genadig. Dankie vir U liefde. Ons buig voor u in aanbidding om U daardeur ook te eer en te dien. Help ons asseblief daarin. Help ons as gemeente om in gebed te volhard, dat ons sal besef dat om U Woord te hoor en te bid die grondslag is van 'n diepe verhouding met U.



Ons bid dat U ons sal vul met U Heilige Gees, met wysheid en met U liefde in ons harte. Help ons om vir mekaar te bid, ook vir elke bediening en werk wat binne ons gemeente gedoen word. Ons bid vir ons leraar, ouderlinge en diakens dat U hulle sal lei in die werk wat hulle in ons gemeente doen. Ons dra ons senior lidmate, maar ook elke lidmaat aan U op vir U sorg, nabyheid en krag. Help ons om daar te wees vir mekaar, hande te vat en mekaar as liggaam van Christus aan te vul om U werk te doen binne U wil. Aan U die lof, eer en heerlikheid tot in ewigheid.

**AMEN**



# Uitreik in Mosambiek 'n belegging in geloof

Gerhard van Staden

GK Pretoria-Annlin se uitreik na Noord-Oos Mosambiek van **18 – 28 Augustus** vanjaar het nie net 3 predikante en 36 kerkleiers betrek nie, maar die kursusse wat aangebied is, vorm die basis van geloofsbediening vir die toekoms.

Dit is dalk 'n alombekende feit dat ons gemeente al vir etlike jare betrokke is by die opleiding van kerkleiers in Noord-Oos Mosambiek, maar besef ons altyd wat die waarde van hierdie uitreike is?

Di. Danie Murray en Johannes Aucamp, tesame met Pastor Ronald Chimzimu, is vanjaar weer versoek om 'n opleidingskursus in Milange aan te bied. Sr. Lizanne Aucamp het gereeld deur middel van WhatsApp-boodskappe terugvoer gegee van al die aktiwiteite wat daar plaasgevind het.

Die kursus het op **Dinsdag, 18 Augustus 2026,** begin. Ds. Danie het egter teëspoed ervaar op pad na Milange deurdat sy voertuig onklaar geraak het. Gelukkig kon ds. Johannes hom gaan haal en kon die opleiding voortgaan. Ds. Danie se voertuig is na Beira vervoer vir herstelwerk.

Die kursus is afgeskop met die beginsel waarom dit noodsaaklik is om te verstaan waarom daar 'n intieme naby-verhouding met die Here in ons geestelike lewe moet wees. Elke deelnemer kon biddend en selfondersoekend kyk na sy eie verhouding met die Here en hul gesinne.

Daarna is die waarheid oor waarom Jesus die lig vir die wêreld is, bespreek gevolg deur wat die Here ons in Sy Woord leer oor ons liggaam en gees. Voorvadergeeste in 'n Afrika-konteks is ook prominent aangespreek. Lukas 16 is byvoorbeeld in diepte bespreek om te kyk wat met die gees van die ongelowige gebeur. Die beginsel dat gelowiges nie bose geeste hoef te vrees nie, is in die besonder beklemtoon.



Die laaste deel van die kursus het oor die Heidelbergse Kategismus gehandel. Pastor Ron het vanuit die Skrif en die belydenis gewys dat die kategismus en die Bybel dieselfde waarhede verkondig, naamlik dat ons aan God behoort in lewe en in sterwe en dus nie aan die geeste nie. 'n Verdere waarheid wat geleer is, is dat getroosdes se sondes vergewe is. Daar is ook prakties gekyk na die verhouding tussen sonde, redding en goeie werke (vgl. Efesiërs 2).

Ds. Danie het die terugvoersessie gelei. Gebed het 'n heel nuwe betekenis vir baie deelnemers gekry. Die broers het hande gevat en vir mekaar gebid. Hulle het besef dat terugvoer aan hul gemeentes nie maklik gaan wees nie, maar hulle wil volhard. Elke deelnemer het 'n sertifikaat ontvang en daarna het almal huiswaarts gekeer.

"Ons dank die Here dat harte bereik is. Ons dank elke lidmaat van ons gemeente vir hul voorbidding. Ons dank die Here vir Sy leiding met hierdie grootse taak, Sy beskerming en Sy insig geopenbaar tydens hierdie kursus," sê di. Danie en Johannes.

"Ons dank en waardering word ook opgedra aan oudl. Johnny Beumer vir sy ongelooflike en onbaatsugtige harde werk met hierdie projek. Die ondersteuning van ons Evangelisasiekommissie word ook erken. Soos ds.Pieter sê: 'Ons moet doen dit wat die Here wil hê ons moet doen. Hy sal sorg!' Volgende jaar maak ons weer so! Onse Hemelse Vader sal sorg."

# Goud gedelf tydens kursus in Mosambiek

Johnny Beumer



"Ons het die Kategismus al vir mense geleer, maar nie geweet daar is soveel goud in nie" – dit was die woorde van 'n ouderling, een van die kerkleiers wat die kursus vir kerkleiers in Milange bygewoon het.

Verlede maand vanaf 18 tot 28 Augustus het **36 predikante en ouderlinge** in Milange byeengekom om 'n kursus by te woon. Die kerkleiers het elkeen een van die gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Noord-Oos Mosambiek (Igreja Reformada em Moçambique) verteenwoordig. Die kursus is aangebied deur **di. Johannes Aucamp, Danie Murray en pastor Ronald Chimzimu.**

**Ds. Johannes** (Training of pastors in Africa - TOPIA) is aan ons goed bekend en is 'n sendeling van die Gereformeerde Kerk.

**Ds. Danie** het ons gemeente al vir baie jare bygestaan met uitreike na Mosambiek. Hy is verbonde aan 'n organisasie met die naam Handevat en is lidmaat van die NG Kerk Proteahoogte.

**Pastor Ronald** is gesetel in die noorde van Malawi in 'n stad met die naam Mzuzu. Hy is predikant in die Church in Central Africa Presbyterian.

Dit was die tweede jaar wat ons gemeente die kursus gereël het. Tog was ons aanvanklik onseker of daar genoeg fondse sou wees om die kursus aan te bied. God het egter ruim voorsien en ons kon voortgaan. Donasies is ontvang van die NG Kerk, 3 ander gemeentes in die GKSA en individuele donasies.



Vanjaar se kursus het eerstens veral gefokus op die **verhouding met die Here en dan ook die verhouding met gesinne en medegelowiges.** Hierdie deel is deur ds. Danie aangebied. Ds. Johannes het weer gefokus op die **gesag van God se Woord en die vertroue op God** teenoor die vrees wat in baie mense se harte leef vir bv. toordokters en voorvadergeeste. Pastor Ronald het gefokus op die **kategismus**. Hy het vanuit die Skrif gewys dat die kategismus gegrond is op die Bybel en nie 'n belydenisskrif is wat op sy eie staan nie.



Die kursus was weereens geseënd en opbouend en ons bid dat die predikante en ouderlinge dit wat hulle geleer het, sal terugvoer na hulle gemeentes en dat God se koninkryk op hierdie manier uitgebrei sal word.



Die kursus het egter ook sy probleme opgelewer. Ds. Danie se bakkie waarmee hy vanaf Kaapstad na Milange gereis het, het gaan staan en ds. Johannes moes hom toe inderhaas gaan haal (meer as 'n dag se ry heen en weer). Hulle het net betyds, die aand voordat die kursus sou begin, in Milange aangekom.



Ons sê dankie aan almal wat voorbidding gedoen en meegeleef het. Ons dank die Here dat alles goed afgeloop het.

## Klein Mia Fourie word gedoop



Op Sondag, **16 Augustus 2026** het ons gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges die voorreg gehad om die doop van klein Mianka (Mia) Fourie te ervaar. Mia is die verbondsdogtertjie van br. LJ en sr. Sammy Fourie. Ousus Milané was ook daar en het die verrigtinge grootoog saam met haar ouers dopgehou.

Die Sakrament van die Heilige Doop is deur ds. Pieter behartig. Oudl. Danie Smit het namens die kerkraad 'n klein geskenkie aan die gesin oorhandig. Ons wens die ouers geluk en bid dat die Here hul die krag en genade sal gee om klein Mia te onderrig en te laat onderrig in die Christelike kerk.

## Nagmaal by Soetdoring Aftreeoord

Elke Vrydag voor Nagmaalsondag vier ons Nagmaal by **Soetdoring Aftreeoord**. Dit is vir ons lidmate wat daar woon en nie saam met almal wat deel is van die wyk kerk toe kan kom nie.



Dit is vir ons 'n besondere voorreg om saam met mense wat in geloofsgemeenskap en in eenheid van lewensomstandighede aan mekaar gebonde is, saam die Nagmaal te kan vier om hulle so deel te laat voel van ons geloofsgemeenskap.

# Gemeentewegbreek 2026

**Waarom** word daar elke jaar 'n Saam-Weg-Breek gereël?
**Want:**

- Elke jaar is daar 'n toename in aanwesiges.
- Elke jaar word vriendskappe hegter en wyer.
- Elke jaar se tema bied 'n nuwe geleentheid vir groei.

Weg uit die stad. Saam in die natuur. So word Psalm 1:3 'n werklikheid:

**"Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is ..."**

**Waar:**
Dit is 'n voldwonge feit: die kamp-terrein wat ons voorheen gebruik het, het vir ONS te klein geword!

**Eden-Konferensiesentrum**, net 40 km vêr, kan 700 mense huisves. Die fasiliteite is ideaal. Daar is 'n swembad, goed toegeruste kombuis met 'n inloopyskas en verskeie netjiese ablusiegeriewe. Mooihawens het 20 kamers, 2 beddens elk met eie dames- en mansbadkamers in die gang. Blokkamers gebruik die groot ablusieblokke.

Jy hoef met niemand 'n kamer te deel nie. As jy enkellopend is, of as jy snork, vat jou eie kamer!

Op die program kan jy sien ons gaan fikser word, ons musiekkennis opknap en heuning om die mond gesmeer word.

Bespreek asb. op die kennisgewingbord. Betaling word in die kerkrekening, met verwysing **KAMP+naam**, gedoen. Moenie die geleentheid misloop nie, dit is kosbaar.

**Kosteriglyn (sluit ALLE etes, koffie/tee in):**

- R500 per volwassene en R400 per kind 6-12 jaar vir 2 nagte.
- R300 p/volwassene en R250 p/kind 6-12 jaar vir 1 nag.
- R175 p/volwassene en R150 p/kind 6-12 jaar as dagbesoeker.

**Bring Self Saam:**

- Bybel
- Eetgerei en koeldrank (geen alkohol op kampterrein toegelaat nie)
- Beskuit of koekies vir koffiestasie
- Beddegoed
- Toiletpapier

**Program:**

**Vrydag**

| | |
|---|---|
| 15:00 | Aankoms |
| 18:00 | Aandete |
| | Lyndans-kenmekaar |
| 20:00 | Aandgodsdiens |

**Saterdag**

| | |
|---|---|
| 08:00 | Ontbyt |
| 09:00-11:00 | Tema |
| 12:00 | Byepraatjie: Pieter Pretorius |
| 13:00 | Middagete |
| 15:00 | Noot-vir-Noot: Janita Rehder |
| 18:00 | Aandete |
| 19:30 | Aandgodsdiens |

**Sondag**

| | |
|---|---|
| 08:30 | Erediens |
| 10:30 | Brunch |



# Kerkfinansies - Augustus 2026

| | Augustus 2026 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| **Lidmaatbydraes ontvang** | ** | ** | ** | ** |
| **Evangeliesasie-bydraes ontvang** | ** | ** | ** | ** |
| **Ander inkomste (huur/rente)** | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** | ** | ** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| **Ramings** | ** | ** | ** | ** |
| **Instandhouding: Woordbediening** | ** | ** | ** | ** |
| **Evangelisasie** | ** | ** | ** | ** |
| **Emeriti-versorging** | ** | ** | ** | ** |
| **Sustentasie Mmakau** | ** | ** | ** | ** |
| **Bate-instanthouding & verbeterings** | ** | ** | ** | ** |
| **Administratiewe uitgawes** | ** | ** | ** | ** |
| **Sosiale bydraes** | ** | ** | ** | ** |
| **Jeug** | ** | ** | ** | ** |
| **Diensgroepe** | ** | ** | ** | ** |
| **Totale uitgawes** | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | ** | ** | ** | ** |

Vir **Augustus 2026**, het die kerkkas 'n netto surplus van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto surplus van ** gewys. Die lidmatebydraes vir hierdie maand was ** meer as die begrote bydraes vir die maand. Die lidmatebydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote bydraes vir die maand.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik asb. jou nuwe wyknommer as verwysing: **Wyk + Van + Noemnaam**

# Ons sê welkom ...


Ds. Pieter Kurpershoek

## Liaan, Tiaan en Ilze de Waal

Graag wil ons vir Liaan de Waal en haar twee kinders, Tiaan en Ilze, welkom sê in ons gemeente. Hulle was vroeër deel van NG Magalieskruin, maar het op aanbeveling van Izelle Vierbergen by ons gemeente begin inskakel totdat hulle gevra het om in ons gemeente opgeneem te word.

Liaan, wat in Alberton en Pretoria-Noord opgegroei het, is getroud met Chris, wat oorspronklik van Kemptonpark af kom. Hulle het na hul troue eers in Johannesburg gebly, maar toe die kinders moes begin skoolgaan, Pretoria toe getrek.





Chris werk in die IT-wêreld in Samrand, terwyl Liaan in Rosslyn in die motorbedryf werksaam is waar sy logistieke verantwoordelikhede het. As Liaan nie werk nie, is sy altyd aan die gang by die huis, want stilsit is nie vir haar maklik nie. Beide Tiaan en Ilze is in Hoërskool Montana: Tiaan in graad 11 en Ilze in graad 9. Terwyl Tiaan hoofsaaklik op die akademie fokus, hou Ilze ook daarvan om haar met netbal fiks en besig te hou.

Liaan, Tiaan en Ilze, mag julle die saam-wees met ons as kinders van die Here voluit geniet en mag ons saam met julle elke dag groei in ons leef uit Jesus – Hy wat ons enigste troos in lewe en in sterwe is!

# Kollig op ons kommissies en diensgroepe

## Crossroads Prison Ministries Half jaarverslag

**15 Jaar van diens!**

Hierdie jaar bied Crossroads Prison Ministries al **15 jaar** lank gratis Bybel studie kursusse aan mense in gevangenisse. Hierdie program was in **2011** by die Baviaanspoort gevangenis aangebied en daar was maar net 'n paar studente om mee te begin. Ons kyk terug op baie geseënde jare waar die Here deurgaans getrou gesorg het.

Ons het in die afgelope jaar goeie groei getoon. Crossroads het reeds vier satelliet kampusse en werk daaraan om nog twee op die been te bring.

Die aantalstudente by die Johannesburg gevangenis het oor die laaste jaar mooi gegroei, veral nadat ons toestemming gekry het om ook die vroue afdeling te bedien. Ons is nou besig om dinge daar in plek te kry om met die omliggende gemeentes saam te werk sodat die kampus binne kort op stoom kan begin.

Bethal word al 'n aantal jare slegs een maal per maand deur 'n koerier besoek. Hier het die aantal studente van **4 na 37 studente** toe gegroei. Fondse word nou beskikbaar gestel om hier 'n satelliet kampus te stig. Ons vra almal se gebede vir hierdie wonderlike geleenthede.

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES | SOUTH AFRICA

| | |
|---|---|
| Aantal geregistreerde studente: | **1 318** |
| Aantal lesse nagesien: | **6 035** |
| Bybels aan nuwe studente gegee: | **537** |
| Mentors opgelei: | **39** |
| Gemeentes met mentors CPM betrokke by: | **63** |

**Vlak 2 en Vlak 3 Studente**

Crossroads het by al die kampusse 'n groei gesien in die aantal studente wat vorder van Vlak 1 (met twee kursusse) na Vlak 2 met ses kursusse. Ook het die aantal studente wat vlak 2 voltooi het toegeneem en het 'n paar van die studente nou met Vlak 3 begin. Een van hierdie studente is nou reeds 13 jaar lank 'n student by Crossroads. Dit was wonderlik om te sien hoe hy geestelik werklik groei en hoe sy kennis van die Bybel verbreed het. Daar het dan by die twee grootste kampusse 'n tekort aan mentors ontstaan om hierdie groei te dra. Ons nooi enige persoon wat belangstel uit om ons te kontak indien u meer wil uitvind hoe om betrokke te raak.

**Pretoria Kampus:**

Area Koördineerder: Eddie Boersema

Kontak persoon: Adriana Pouwels (**office@cpministries-sa.org.za**)

Webtuiste: **www.cpministries-sa.org.za**

# Diakonie

## QR-kode vir kollektes

Gerhard van Staden




'n **QR-kode** (Quick Response-kode) is 'n tweedimensionele strepieskode met wit en swart blokkies wat jy met jou slimfoonkamera kan skandeer om vinnige toegang tot webwerwe, kontakinligting of ander data te kan kry.

Tydens die diakonie se vergadering in Julie 2026 is dit onder die kerkraad se aandag gebring dat kommersiële banke se hanteringsfooie vir kontant baie hoog is en dat hierdie uitgawe 'n wesenlike invloed het op die barmhartigheidsdienste wat die diakonie lewer.


Daarbenewens, is die banke ook in proses om die meeste van hulle takke kontantvry te maak wat dit moeilik maak om takke te vind wat bereid is om kontant te ontvang vir inbetalings.

Daarom word lidmate aangemoedig om, waar moontlik, eerder elektroniese betalings te doen deur gebruik te maak van die QR-kode in plaas daarvan om kontant vir kollektes te bring. Om die proses te vergemaklik, is die QR-kode by die deure aangebring en word dit tydens die kollektes op die skerm gewys.



Die Finansiële kommissie, in samewerking met die diakonie, is tans besig om vir al GK Pretoria-Annlin se bankrekeninge QR-kodes te finaliseer, juis weens al die bogenoemde verwikkelinge in die bankwese. Etlike finansiële regulasies moet egter eers nagekom word om die stelsel geïmplementeer te kry. Sodra die projek finaal afgehandel is, sal ons lidmate opleiding ontvang oor hoe om die QR-kodes effektief te gebruik.

Lidmate wat gemaklik voel, word vriendelik versoek om van die QR-kodes gebruik te maak. Dit bied vinnige, kontaklose oorbetalings van ons lidmate se bydraes teen 'n fraksie van die onkoste. Laai gerus hierdie Zapper-toep op jou foon en skandeer in sekondes:




Lidmate word egter die versekering gegee dat die kollektes nie mee weggedoen sal word nie. Diegene wat verkies om van die tradisionele manier gebruik te maak om bydraes te lewer, is steeds welkom om dit so te doen.

# Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

## Meer as net tee en fyn eetgoed

Die jaarlikse Damestee ten bate van die President Kruger Kinderhuise, in Pretoria en Reddersburg, is meer as net 'n gesellige damesoggend met tee, blomme en fyn eetgoed. Dit is inderwaarheid 'n feestelikheid van onbaatsugtige gee en beursies oopmaak vir ons Koningskinders onder sorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Dié jaarlikse fondsinsamelingsfunksie word aangebied onder die leiding van die Susters van Kameeldrift-Gemeente in samewerking met die Gereformeerde Gemeentes in Pretoria. Finansiële bydraes van gemeentes buite Pretoria se grense, van sover as Namibië, word ontvang.

Susters van die betrokke Gereformeerde gemeentes is gasvroue van 1 of selfs meer tafels. Hulle voorsien alles, van Ouma, Ma of selfs van Skoonma se mooi teekoppies, goue teelepels en koekvurkies om haar 11 tafelgaste te onthaal met fyngebak uit haar eie kombuis of met behulp van 'n tuisnywerheid

Op Saterdag, **22** Augustus, was daar weereens so 'n geleentheid vir mooi tafels, fyn eetgoed en 'n program met kunstenaars, sprekers en 'n veiling. Dit was die **24ste** jaar wat dié spesiale oggend aangebied is.

Die gedagte van 'n geleentheid in dié formaat vir fondsinsameling vir die Kinderhuise het **27** jaar terug in die pastorie van wyle ds. Ben Fourie van Kameeldrift-gemeente ontstaan. Dis 'n mooi geleentheid vir samesyn met susters waar ons terselfdertyd fondse vir die kinderhuise insamel.

Die eerste Damestee het begin met **28** gasvroutafels en 'n bedrag van **R98 000** is dié oggend ingesamel. Jaarliks het daar meer gasvroutafels bygekom en het die inkomste uit die funksie ook geleidelik gegroei. Tydens die 2 jaar Covid-periode is die funksie en veiling virtueel aangebied en is daar met elke aanbieding net onder die **R400 000** ingesamel.

In **2026** was daar **87** gasvroutafels, **801** vroue en is daar deur Sy groot seën en genade **R425 000** ingesamel! Ons doen in Augustus **2027** DV weer so.



# Blokraai - September 2026

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.


**Ons het vanaf Julie 2026 met die nuwe suksestelling begin: Elke opeenvolgende maand wat jy 'n korrekte blokraai instuur, kry jy 'n fonteintjie. Die lidmaat wat teen Julie 2027 die meeste fonteintjies het, kry 'n spesiale prys. So probeer jou bes om elke maand die korrekte blokraai in te stuur!**

- Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

## Vorige korrekte blokkiesraaisels:

- **Rita Kruger**
- **Andrie Beumer**
- **Jan Rehder**
- **Cobie Plomp**
- **Hettie Wannenburg**
- **Blignaut Viljoen**

## Naam en van: _____



# Blokraai (vervolg)


**Leidrade - Af:**

2. Wat is die nuwe gr. 11-leerder in ons gemeente se naam? (uit Ons leer ken ...)
3. 'n Voorbeeld van ___ boeke in die Bybel is Genesis en Eksodus. (uit Het jy geweet?)
4. Wanneer jy so moeg en uitgeput voel, voel dit of jy aan 'n ___ deelneem. (uit Redakteursbrief Volharding)
5. Hoeveel historiese boeke is daar in die Bybel? (uit Het jy geweet?)
6. Watter tipe behoeftes word in die artikel Volhard in die gebed aangespreek?
7. Gee 'n sinoniem vir volharding. (uit Vasbyt)
8. In watter Bybelboek word daar na leeus se gebrul verwys? (uit Diere en voëls van die Bybel)
9. Die ___-toep is nodig om die QR-kode te gebruik. (uit QR-kode vir kollektes)
10. Die ___ woord vir volharding is hypomonēs. (uit Vasbyt)

**Leidrade - Dwars:**

1. Met watter sportsoort vergelyk die dominee in Hebreërs die lewe? (uit Ek hou my oog op Jesus)
4. Wat is Mia Fourie se volle naam? (uit Klein Mia Fourie word gedoop)
7. ___ is 'n belangrike onderwerp wat tydens die Mosambiekuitreik aangespreek is. (uit Uitreik in Mosambiek 'n belegging in geloof)
10. In watter Bybelboek word ons aangesê om God toe te laat om ons gedrag te bepaal? (uit Bid ons net of laat ons Hom ook toe om ons gedrag te bepaal?)
11. Wie se aanhaling word in die artikel Volhard of val hard gebruik? (7,4)
12. Op die gemeentewegbreek gaan ons ook van ___ leer. (uit Gemeentewegbreek)
13. Hoe oud was Gerhard toe hy met sy militêre opleiding begin het? (uit Volharding – in 'n militêre konteks danksy geloof)

## Oplossing: Augustus blokraai




### Het jy geweet?
Gerhard van Staden

(statistiek)

Die Bybel bestaan uit 64 boeke wat in vyf groepe geklassifiseer word, naamlik 'n versameling van:

- 21 briewe, onder andere Romeine, Efesiërs en Filippense
- 17 historiese boeke, byvoorbeeld Genesis en Eksodus
- 17 profetiese boeke, byvoorbeeld Klaagliedere en Amos
- 5 poëtiese boeke, byvoorbeeld Job en Psalms
- 4 evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes

Bron:
Fassinerende feite uit die Bybel, JUIG! Tydskrif, s.a. Kaapstad: JUIG! Tydskrif.

Volharding is deel van Christus se oorwinningstryd. As gelowiges dra ons Christus se oorwinning die wêreld in.

Bron:
Van der Watt, J. et al. 2023. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

# Ons deel met mekaar ...

## Volharding – in 'n militêre konteks danksy geloof


Gerhard van Staden



**24 Januarie 1976**. Kaapstadstasie. My ouers sit my op die Transkaroo. Al my aartse besittings is in 'n klein skoolkoffertjie. My ma sit R15 in my hempsak. Vir die eerste keer in my lewe moet ek my eie voete vind sonder Ma. Ek is sestien jaar en drie maande oud. Met die wete dat die Here my Herder is, weet ek dat Hy vir my sal sorg.

Op **26 Januarie 1976** arriveer die trein op Pretoriastasie. Verbouereerd weet ek nie wat om te doen nie. 'n Man wat saam gereis het, ontferm hom oor my. Hy neem my tot by Poyntons waar die lugmag se werwingskantore is. Van hier af is dit net administrasie, selfs 'n Regter teken my letterlik af! Ek is nou lugmageiendom. Staande Mag. Met 'n titel. Weerman, nogal!

Op **28 Januarie 1976** begin my basiese militêre opleiding. Genadiglik het ek nie geweet wat voorlê nie. Ek kry uniforms, kry gratis kos, deel 'n kamer saam met 'n klomp ander mense, meestal manne wat al skeer en baie ouer as ek lyk. Tog ervaar ek hierdie ongelooflike rustigheid en kalmte. Elke Sondag tree ons aan vir kerkparade. Ons marsjeer kerk toe. Vol van geestelike pitkos durf ons die volgende week se uitdagings aan.



Op 'n stadium word ons uitgereik met 'n R1-aanvalsgeweer. Nou besef ek hierdie is nie meer speletjies nie. By die skietbaan aangekom, tree ons aan. Ons gaan skiet. Ek lê aan. Trek die sneller. Die R1 skop my dat ek letterlik hik. My regterwangbeen swel soos 'n tennisbal. Met die laaste skoot is ek doodmoeg, ek kan nie meer nie! Ek knyp my oë styf toe. Ek trek die sneller. Daardie koeël is los bo-oor die skietwal en is seker vandag nog iewers in die atmosfeer besig om te swerf! Met die Here se genade kom ek die skietoefening deur.

'n Paar weke later is dit tyd vir die roetemars. Ons "kamp" die aand uit teen 'n koppie. Die volgende oggend vat 'n briesende vlugsersant ons vlugtig vir 'n "dissiplinêre regstelling". Die man was beslis daarop uit om ons te vernietig, of so het dit vir my gevoel! Dit was die naaste wat ek aan dood was. Ek wou my ma hê. Toe ek wou moed opgee, besef ek: Ek weet nie hoe om by die huis te kom nie! Die Regter het my afgeteken. Die lugmag sou my nie laat gaan nie. Ek is nou op hul inventaris, selfs met 'n nommer. Die strafsessie kom tot 'n einde. Ek skep weer moed.

Op **30 April 1976** klaar ons uit. 'n Sestienjarige seun het skielik 'n man geword! Met **VOLHARDING** in selfdissipline, militêre dissipline en 'n onwrikbare vertroue en geloof in sy Skepper se genade en beskerming, is 'n militêre loopbaan van drie en veertig jaar suksesvol voltooi.

# Diere en voëls van die Bybel

## Katte (Deel 8)

Gerhard van Staden

In die agtste en slotaflewering oor soogdiere kyk ons in hierdie uitgawe van die Fontein na die katfamilie. Alhoewel ons hooffokus in hierdie artikel leeus is, is dit tog belangrik om te weet dat sedert die vroegste tye leeus, luiperds, jagluiperds, rooikatte, sandkatte en viskatte in die Beloofde Land voorgekom het. Selfs die gewone huiskat het hier voorgekom, alhoewel huiskatte nooit in die Bybel genoem word nie. Slegs die leeu en jagluiperd (cheetah) het sedertdien uit hierdie landstreek verdwyn.

Leeus word ongeveer 155 keer in die Bybel genoem, waarvan 135 keer in die Ou Testament. Van hierdie verwysings na leeus, is 25 letterlik terwyl die ander figuurlike verwysings is.

Leeus het gedurende die tyd van Koning Dawid wyd verspreid voorgekom vanaf Griekeland tot by Indië. Soos die mens homself in stede begin vestig het, het leeus begin verdwyn. In Griekeland het die leeus teen 100 n.C. uitgesterf en in die Beloofde Land teen 1300 n.C. Tog het enkeles in Sirië oorleef, waarvan die laastes teen 1930 uitgesterf het.

Leeus kom in troppe voor. Hulle jag gewoonlik groter diere en vreet hulself trommeldik en rus dan vir etlike dae voor hulle weer jag. Hieroor lees ons in Numeri 23:24. Voorts word die brul van leeus gereeld in die Bybel genoem (vgl. Amos 3:4 & 3:8, Ps. 104:22 en Rig. 14:5).

Gedurende die Bybelse tyd is leeus ook gevang en aangehou. So byvoorbeeld lees ons in Daniël 6:16-23 dat God die bekke van die leeus “toegesluit” het toe Daniël in die leeukuil gegooi is as straf omdat hy tot God gebid het.

Drie keer word daar in die Bybel genoem van mans wat deur leeus doodgemaak is. In 1 Konings 20:35-36 lees ons van ’n naamlose profeet wat in opdrag van die Here vir ’n vriend gesê het om hom te slaan, maar dié het geweier. Omdat hy ongehoorsaam was aan die Here, het die leeu hom as straf verskeur. So ook die profeet wat nie moes eet of drink terwyl hy deur Bet-El gereis het nie (sien 1 Konings 13:26). In 2 Konings 17:25-26 lees ons van die leeuplaag tydens die herbevolking van Samaria.



Die twee letterlike verwysings in die Nuwe Testatament kom voor in Hebreërs 11:33 (leeus se bekke is toegestop) en 2 Timoteus 4:17 (Paulus uit die bek van ’n leeu gered). Dit word algemeen aanvaar dat leeus baie skaars was tydens die Nuwe Testamentiese tye.

In Oktober 2026 kyk ons na die sprinkaan. In November 2026 kom slange aan die beurt en dan sluit ons in Desember 2026 die reeks met visse af.

Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House

# Briewekolom

Ek wil my opregte dank en waardering betuig aan my mede-geloofsgenote en elkeen wat vandat ek met kanker gediagnoseer is hulle hulp met en vir verskillende geleenthede aangebied het

💝

Hartlike opregte dank!

Annatjie Myburg.

# Tienerfokus
Henriëtte Mulder



## Volhard of val hard

*"Reg is reg, maak nie saak of niemand dit doen nie. En verkeerd bly verkeerd, maak nie saak of almal dit doen nie."*

Hierdie woorde is deur William Penn geskryf, maar dit voel asof dit iets is wat uit Spreuke kan kom.

Hierdie aanhaling beskryf presies hoe ons as Christene moet leef. Ons kan nie Sondag reg leef en deur die week vir elke versoeking val wat oor ons pad kom nie.

Jakobus waarsku ons in hoofstuk 1:13-15 teen versoeking: *"Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: 'Ek word deur God versoek' nie, want God kan nie verlei word nie en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood."*

Hiermee sê Jakobus nie dat ons nooit in die versoeking sal kom nie, maar hy help ons om die proses raak te sien. Die eerste aspek waarop hy klem plaas, is ons eie begeertes wat ons lok (iets wat belangriker is as God). Daarna gee jy in tot die begeerte. So word dit dan al hoe makliker vir ons om die verkeerde te doen. Wanneer ons dan aanhou volhard in die sonde, loop dit uit op die dood. Dit gebeur dan ook baie keer dat ons God blameer vir die sogenaamde val voor verleidings, maar ons moet onthou dat dit nie Hy is wat ons verlei het nie.

So, wat kan ons doen om ons fondasie stewig te hou?

Die eerste antwoord gaan altyd wees dat ons moet volhard in gebed sodat ons sterk kan staan in ons beginsels. 'n Stewige en vaste verhouding met God gaan vir ons die krag gee wat ons nodig het, want *"ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."* (Fil. 4:13)

'n Paar beginsels waaraan ons aandag kan gee, is die volgende:

- Ons moet nie te vinnig kwaad raak nie en wanneer dit gebeur dat ons kwaad word, moet ons nie toelaat dat ons emosies ons beheer nie.
- Ons moet nie ander veroordeel nie - dis nie ons plek nie. Ons kan in plaas van veroordeel en wegstoot, mense nader trek. So wys ons Jesus se liefde.
- Leef met wysheid uit die Woord - Spreuke is vol daarvan.
- Beheer jou tong en gedagtes, ander kan dit nie vir jou doen nie.

Jakobus gee basies vir ons die riglyne oor hoe om te lewe volgens wat God wil hê. Ons moet daagliks God vra om ons standvastig te maak in wat ons doen, om ons die krag en deursettingsvermoë te gee om die regte ding te doen, ook waar niemand ons sien nie.

Hierdie geskenk van God om te kan volhard op die regte pad, om verlos te wees van ons eie begeertes, gee ons dan ook die oorwinningsprys - die lewe saam met Hom.

# Kermis – Deel 1

Nicola du Plessis



"Donkieritte vir slegs R5! Kom ry op Daisy, die donkie, vir net R5!" roep iemand, skaars hoorbaar bo die musiek wat oor die luidsprekers dreun.

"Mamma, kan ek gaan?" roep Tommy opgewonde.

"Ek sal eers moet uitvind of dit veilig is," antwoord sy ma.

Hand-aan-hand loop hulle na waar die vrou onder die boom met die donkie, rustig aan die wei, staan.

"Wil jy op die donkie ry?" vra sy vriendelik toe hulle nader kom.

"Is jy seker dit is veilig?" vra Tanya, Tommy se ma sommer dadelik.

"Natuurlik is dit. Daisy is die vriendelikste donkie wat ek ken."

"Hoeveel donkies ken jy, as ek mag vra?"

"Heelwat," antwoord sy laggend. "Ek het haar van kleins af met die hand grootgemaak."

Daisy balk, asof sy die woorde wil beaam.



"'n Donkie het tog 'n wil van sy eie?" sê-vra Tanya steeds bekommerd.

"Daisy sal hom nie afgooi nie, sy is al gewoond daaraan dat kleintjies op haar ry."

"Nou goed," sê Tanya en haal 'n R5-stuk uit haar beursie.

"Dankie, Mamma!" roep Tommy opgewonde.

Die vrou haak Daisy se halter van die tou, wat in die hooibale geanker is, los en loop met haar nader. Tommy steek sy hand uit en Daisy laat sak haar kop sodat hy haar ore kan vryf.

"Sien, dit is die vriendelikste donkie op hierdie aarde."

Tanya steek haar hand uit om Daisy se nek te streel. Dan help sy vir Tommy tot op Daisy se rug. Hy hou liggies aan haar nek vas. Getrou stap Daisy om die kerkterrein. Verby die kerrie-en-rys-stalletjie. Verby die springkastele. Verby die waterglybane en gillende kinders. Tot by die pannekoekstalletjie. Sy balk weer vrolik.

Skielik verander Daisy van rigting en dít is toe chaos uitbreek ...

# KLEUTERPRET

## INKLEURPRENT

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



# Jongmensjolyt

## Woordsoek

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Lees **Romeine 5:3-4** en vind die woorde wat ontbreek.

*"Dit is egter nie al nie. Ons ____ ons ook in die ____, want ons ____, swaarkry kweek ____, en volharding ____ egtheid van ____, en ____ van geloof kweek ____."*

| R | V | O | Y | Z | O | B | S | X | A | X | D | D | G |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | Y | O | I | A | Y | Z | L | K | O | X | I | S | D |
| A | Y | U | U | V | S | S | B | E | O | J | V | Z | O |
| D | L | R | V | Y | O | P | E | E | B | L | E | R | D |
| I | G | D | K | D | L | L | O | W | J | P | R | H | P |
| E | T | W | M | R | Q | E | H | K | L | O | H | M | A |
| H | U | Z | X | P | A | D | G | A | E | P | E | K | I |
| T | C | U | J | B | W | A | M | E | R | V | U | X | X |
| G | G | T | F | I | G | L | W | Z | V | D | G | K | B |
| E | P | O | E | E | B | F | H | S | D | V | I | F | Z |
| C | S | G | L | T | Z | O | K | M | M | Q | S | N | M |
| X | N | O | G | C | O | K | I | M | R | D | I | A | G |
| D | O | M | H | P | B | H | B | B | S | J | E | C | U |
| F | V | G | I | A | H | O | L | S | W | E | E | T | Z |

# Advertensies


## Snuffelfontein



**David Louw - Versorger**
-Op soek na 'n nuwe werksgeleentheid as versorger in *Assisted Living & Rehabilitation.*
-Ervaring met daaglikse versorging, rehabilitasie ná operasies, medikasie-toediening, voeding en emosionele ondersteuning.
-Geleë in Pretoria-area, maar bereid om te skuif.
Kontak David Louw by 064 810 2736 of david.louw.cromark@gmail.com



**Heerlike kolwyntjies te koop!**
Grootes:
*Klein=R5
*Medium=R8
*Groot=R12
-Kontak vir Magda Pietersen by 083 759 9697 vir bestellings.



**Pelvic Care - Mayville**
-Bekkenbodemrehabilitasie en welstand.
-30min konsultasie.
-Kontak Renate Wannenburg by 082 443 7081 vir konsultasie.

## Blokadvertensies












# Advertensies













Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:


Die
Fontein